

SONDAG 30 Maart 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
AANDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
MG	Lof-en-aanbidding	Hy leef / alive (1-2) Ek weet verseker (1-2) Blessed be the Name of the Lord (1-2) Ek roem U naam / I lift my hands (1-3) I offer me Holy Spirit, thou art welcome Here God, almagtig (1-2)	hyleef jg10 blessed jg9 & ilift ioffer welcome heregod
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	<i>Gal 6:1-4; Fil3:12-16, Rom 7:19-23</i>	Skrif
Liturg	Preek	<i>8 maniere om ander te versterk.</i> Musiek: "Lord make me a channel"	Skrif Musiek 1
Almal	Gebede		
Diakens	Offergawe		
Liturg	Afkondigings		Afkondig
MG	Liedere	LB284:1-3 "Laat U vrede deur my vloei" Dienlied (1-5)	LB284:1-3 Dienlied
Liturg	Seën		

Gal 6:1-4 **1.** Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: **jy kan self ook in versoeking kom.** **2.** Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus. **3. As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself.** **4.** Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met die van 'n ander te vergelyk.

Fil 3:12-16 **12. Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie,** maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het. **13. Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie.** Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. **14.** Ek span my in om by die wenstreek te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. **15.** Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daarvoor dink -- God sal ook hierin aan julle die regte insig gee. **16.** In elk geval, laat ons koers hou op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

PREEKSKETS

In die afgelope week het daar 'n artikel in die kerkbode verskyn:

- 35000 mense verlaat elke week die kerk.
- Hoekom?

Toegeskryf word aan verskeie faktore:

- Die Bybelse voorspelling: “In die laaste dae sal baie mense afvallig word...”
- Tendens van modernisme en Post-modernisme: Mense hulleself nie meer verbind aan 'n organisasie / saak nie.
- Opkoms van “private godsdienste”: Laat jou nie meer voorskryf deur ander nie.

Ons as kerk moet noodwendig ook vra:

- Is daar dinge in die kerk wat maak dat mense nie meer belangstel nie.
- Is daar dinge wat ons doen wat mense laat weggaan van die kerk.
- Is ons dalk verantwoordelik vir die seer in mense se lewens: Het ons dit erger gemaak en nie beter?

Ek het die volgende gediggie op die internet gekry:

- Geskryf deur 'n meisiekind.
- Ek lei af sy sy 'n kind van die Here is.
- Maar dan skryf sy die volgende:

Julle by die BKJA
Ode aan Vriende

Ek het by julle aangesluit
om saam vir God te dien, die wêreld wyd.
Julle was krities teenoor my - julle digte kring,
maar ek was gedetermineerd om my in te wring.

Ek wou vir julle gee van alles wat ek het,
ek wou deel in julle liefde, leed, plesier en gebed.
Ek wou vir julle speel op my kitaar en sing,
ek het met ywer gegee, geen moeite te gering.

Julle het geneem, gevat, gegryp - my leeg gemaak.
Tussen julle het ek hartseer en ongelukkig geraak.
Julle het julle liefde en plesier van my weerhou,
alleen in gebed moes ek aan JULLE leed kou.

Julle het sulke diep wonde in my gekloof.
Wat anders kan ek as om te twyfel aan julle geloof?
Julle is so daar uit om in jul kring te sosialiseer -
julle merk nie eens hoe jul ander van die kerk disstansieer!

Is dit dalk waar van ons (gemeente)?

Trek ons mense nader, of jaag ons hulle weg?

Watter dinge in die kerk jaag mense weg?

Hoe is dit moontlik dat dieselde kerk waarheen mense vir eeue gestroom het, nou skielik die mense in strome verloor?

‘N Amerikaanse dominee vertel die volgende:

- Hy was ‘n studente-dominee by ‘n klein kerkie in Hudson River
- Een naweek: skokkende nuus dat een van die tienermeisies in die gemeente het die dorp verlaat om by haar ouer broer te gaan bly.
- Sy was swanger.
- Vra onmiddelik: Kan ek haar gaan sien?
- “Nee” antwoord sy “Jy is die laaste persoon wat mag weet hiervan”

Dan skryf hierdie dominee:

- Daardie dag het hy besef dat daar iets fout is met die kerk.
- Jy gaan kerk toe en sondegskool toe.
- Die kerk is die plek waarheen jy jou beste klere aantrek.
- Jy vat jou beste deel saam
- Jy los jou pyn / gebrokenheid / hoop / vreugde by die huis.
- Jy vat nie jou lewe saam kerk toe nie!

Dan som hierdie dominee alles op en sê:

- "The church is not a museum for finished products."
- Die kerk het ‘n museum geword vir suksesvolle produkte.
- Die kerk het ‘n museum geword waar mense met wenverhale uitgestal word.
- Wie is vandag die “belangrike” mense in die kerk? Die met die wenverhale: “Ek het dit gemaak. Ek was ‘n mislukking , en toe ontmoet ek vir Jesus, en ek is gedoop met die Heilige Gees, heeltelmal nuugemaak, nou loop ek oor van die Here (gawes en vrug van die heilige Gees).”
- Implikasie: Ek is nou ‘n emeritus-sondaar.
- Ek sukkel nie meer daarmee nie.
- Ek worstel nie meer met moeilike vrae nie.
- Ek het nou antwoorde vir alles.
- Ek is nie meer bekommerd oor finansies nie: God sorg net en Hy seën net vir my.
- ‘n Museum vir suksesvolle lewens.

Wat ons nodig het in die kerk is rolmodelle wat faal.

- Kinders van die Here wat openlik erken dat hulle ook sukkel.
- Want die kerk is nie ‘n museum vir suksesvolle lewens nie, maar ‘n hospitaal vir siek mense.
- Dis ‘n plek vir mense wat sukkel om dit te maak.

Neem byvoorbeeld “eensaamheid”

- Ons dink dikwels dat mense wat die Here ken oorwinning oor eensaamheid kry.

- As jy net genoeg kerk toe kom en by 'n Bybelstudiegroep inskakel en aan genoeg dinge deelneem sal jou eensaamheid weg wees.
- Tog is dit nie waar nie.
- Jesus, die Seun van God, was daardie aand in die Tuin van Getseman verskriklik alleen.
- Het Hy die verkeerde pad gekies? Kon Hy die kruis dra?
- Daar was twee opsies:
 - Hy kon Sy alleenheid vir Homself hou en dit wegsteek.
 - OF Hy kon dit deel.
- Hy het gekies om dit te deel.
- Hy het vir Sy drie vriende (wat Hy baie vertrou het) dit vertel.
- Wat 'n gevaarlike ding om te doen:
 - Om te erken dat jy vanaand bang is.
 - Om te erken dat jy bang is om te sterf.
 - Om te erken, dat alhoewel God altyd by my is, ek vanaand bitter alleen voel - skrikwekkend alleen.

Stel julleself voor dat 'n dominee op 'n Saterdagmiddag laat drie ouderlinge bel...

- Kom asb oor na die pastorie
- Ek het rowwe tydjie agter die rug.
- Ek het vir 10 dae nie gebid nie.
- Ek en my vrou is nie lekker op "speaking-level" nie
- Ek is vol self-haat
- En more is Sondag
- Kom bid asb net saam met my en help vir my...

NEE

- Ons steek ons gebrokenheid vir mekaar weg.
- Die ander mag nie weet dat ek ook sukkel nie.
- Want die kerk is 'n plek vir suksesvolle mense.
- 'n Museum waar sukses uitgestal word.

Ons as kerk sal moet eerliker word met onself / mekaar / die wêreld.

Onthou u vir Legio:

- Toe die Here Jesus by hom kom, vra Hy: wat is jou naam.
- En sy antwoord: My naam is legio, want daar is baie.
- My naam is Legio: ek is vol bose geeste.
- Eers toe kon Jesus hom help.
- Eers moes hy eerlik wees oor wie hy is.

Kom ons wees vanaand eerlik oor wie ons is:

- Gewone mense
- Sondaars (wat vergifnis ontvang het)
- Worstel nogsteeds met sonde.
- Worstel nogsteeds met baie vrae.
- Ons verstaan self nie vir God nie.
- Ons verstaan nie alles in die Bybel nie.
- Ons het nie antwoorde vir al die probleme in die wêreld nie.
- Ons ervaar dieselfde traumas wat ander mense ervaar.
- Ons worstel ook met huweliks en gesinsprobleme.
- Ons kry dit ook nie elke dag reg om goeie ouers te wees nie.
- Ons finansies wil ook altyd uitwerk nie.
- Ons kinders sukkel ook soms in die skool.
- Ons sukkel ook soms om te bid en Bybel te lees.
- Ons haat ook baie keer mense wat anders is as ons.
- Ons sukkel ook om mense te vergewe wat teen ons oortree het.

Ja, die kerk is die “wingerd van God” (Ockert Meyer; Heelheid van gebrokenheid p 56)

- Die wingerd wat soms druiwe dra
- Die wingerd wat baie keer suur druiwe dra.
- Die wingerd waar dorings en distels groei

Ockert Meyer skryf: “Individuele gelowiges buig soms voor God, maar die kerk feitlik nooit. Dis soms pynlik ironies: die ledemate dra die letsels, maar die kerk hou homself voor as vlekkeloos en ongeskonde” (p56)

Ons hoef dit nie weg te steek nie.

Ons kan maar erken dat ons ook sukkel.

Paulus skryf in Rom 7: Die goeie dinge wat ek wil doen, dit doen ek nie, en die slegte dinge wat ek nie wil doen nie, dit doen ek...

- Wat ‘n gewaagde ding om vir die mense te sê.
- Maar miskien is dit die rede hoekom Paulus die gemeente na die ander kon stig - omdat hy oop kaarte gespeel het oor wie hy is.

Ten slotte:

Wat beteken dit om aan Jesus Christus en aan Sy familie (liggaam) te behoort?

Drie vrae wat die Here vir ons vra:

1. "Sal jy my vertrou met jou lewe"
 Voorbeeld: Abraham
 Hier sê ons maklik “ja”

2. "Sal jy jousef toevertrou aan 'n deel van my Familie?"
Sal jy jou gebrokenheid deel met 'n deel van my familie
Is jy bereid om jousef bloot te stel en jou swakhede te erken sodat die wêreld kan glo?

3. "Sal jy iever betrokke raak in die wêreld"

As ons op al drie hierdie vrae kan ja antwoord, het ons 'n lewende gemeente.